Elsje van Suurwaarden
Die Boerin van *De Tijgerbergen*

Nicolaas Walters

Inleiding

Die verhaal van Elsje begin by Jan Van Riebeeck wat 'n skip vertraag het sodat 'n huwelik kon plaasvind tussen 'n mooi passasier en 'n soldaat aan diens in die kaap. Die dogter uit hierdie huwelik, Elsje van Suurwaarden, sou die eerste amptelike eienaar word van die plaas *De Tijgerbergen*, vandag beter bekend as die pragtige wynplaas Altydgedacht in Durbanville. Die eerste dogter wat op *De Tijgerbergen* groot geword het, die beeldskone Maria Elizabeth, het die hart van 'n jong man gesteel wat op pad was vanaf die Ooste na Nederland en het bygedra om hom te oortuig om in die Kaap agter te bly. Hy was niemand anders as die gewilde Jan De La Fonteyn wie later goewerneur en ook eienaar van *De Tijgerbergen* sou word. Jan se dogter, Barbera, was die eerste persoon wat 'n orrel in die Grootte Kerk gespeel het. Die onderbreking van twee reise deur 'n mooi meisie en 'n toekomstige goewerneur het gelei tot die vestiging van verskeie families in Suid-Afrika by name die Walterse, Domans, Krugels, Schaborts, Beckers, Lieschings en Parkers.

Daar bestaan 'n groot leemte in die navorsing oor vroue wat in die 17de en 18de eeu 'n groot impak gehad het op die ontwikkeling van landbou en die toekoms van Suid-Afrika. Elsje word slegs 8 jaar na Jan Van Riebeeck se aankoms in die Kaap gebore en is een van die eerste kinders van die nedersetting aan die Kaap. Elsje was die eerste van verskeie weduwees in die Tygerberge soos Trijntje Theunissen van Doode Kraal, Maria Van der Westhuizen (Walters) van *De Tijgerbergen*, Beatrix Verwij van Clara Anna's Fontein en Aletta Verwij van Hooge Bergs Vallei, en later Jean Parker wat vandag nog steeds op Altydgedacht boer.

Liefde met die eerste oogopslag

Elsje se vader was 'n Duitse immigrant, Hendrik Hendriks(sen) van Suurwaarden[1]. Suurwaarden (Sürwürden) is 'n dorpie in die Odenburg gebied naby Bremem. Hendrik arriveer op die skip *de Vreede* in 1654 as soldaat[2], kort na Jan Van Riebeeck se aankoms.

Op 26 Maart 1658 arriveer die skip *Het Wapen van Amsterdam* in Tafelbaai vanaf Vlie in Nederland[3]. Aan boord *Het Wapen van Amsterdam* was die

---

1 J Hoge, Personalia of the Germans at the Cape.
2 Resolutiën, c1: pp. 225-226, Kaapse Argief.
3 J.R. Bruijn, Dutch Asiatic Shipping.

mooi 19 jarige Grietje Frans(z) Meeckhoff van Steenwijk in Nederland. Sy was in diens van en onder die voogdyskap van die opperkoopman, Willem Reijerz, en was op pad na Batavia[4]. Hendrik van Suurwaarden het Grietje heel waarskynlik ontmoet by die *Caapse Vlek* waar amptenare ontspan het. Hy vra haar om met hom te trou slegs 'n paar dae nadat die skip in in Tafelbaai vasgemeer het. Die Politieke Raad, onder leiding van Jan Van Riebeeck en bygestaan deur die besoekers, Kommandeur van Qauelbergh en die onderkoopman Reijerz, besluit op Saterdag 6 April dat die huwelik kan voortgaan mits daar drie aankondigings van die voorgenome huwelik gemaak word. Die eerste aankondiging het dan ook net na die Christelike diens "*sermoen*" op Sondag die 7de April plaasgevind. Die tweede het op die volgende Maandagaand en die derde op die Dinsdagoggend plaasgevind, Die raad het besluit dat die sekretaris, Abraham Gabema, die huwelik kon voltrek indien daar geen wettige besware sou wees nie en geen predikant beskikbaar was nie. Die rede vir hierdie vinnige besluit was dat *Het Wapen van Amsterdam* alreeds gereed was om te vertrek (*om't selve schip ter saecke voorz in sijn voorder te doen voijagie niet te retardeeren offte op te houden*). *Het Wapen van Amsterdam* vertrek pas na die derde aankondiging nadat daar blykbaar geen besware teen die voorgenome huwelik ontvang was nie. Die skip verlaat Tafelbaai op 9 April op haar reis na Batavia nadat sestien slawe in Tafelbaai aan boord geneem is. Die volgende Sondag 14 April 1658 vegader die Politiek Raad na die oggenddiens om die huwelik te bekragtig[5] en lei so die begin in van die merkwaardige verhaal van *De Tijgerbergen* (Altydgedacht) en sy mense.

Elsje van Suurwaarden, een van 'n tweeling, word op 8 Mei 1662 in Kaapstad gebore. Haar tweeling broer sterf egter kort hierna. Elsje, een van ses kinders, word in die Grootte Kerk op 8 Oktober 1662 gedoop [6]. Elsje se pa sterf in 1671 en haar ma trou met die flambojante Willem van Dieden op 21 Augustus 1672. Margaretha (Grietje) Meeckhoff moes 'n baie mooi vrou gewees het want sy word as "volmaak" in 'n gedig van die Nederlandse digter, Gerrit Komrij as volg beskryf : "*Hymens verhuisingh, voorgevallen op de bruiloft van den achtbaren wel-lewende Heer Willem van Dieden, ende volmaakte Juffrouw Margaretha Meekhof*"[7]. Elsje, wat waarskynlik die mooi gene van haar moeder geërf het, se aantreklike dogter sou later die hart van die toekomstige goewerneur, Jan De La Fontaine steel.

Die 10-jarige Elsje se stiefpa, Willem van Dieden word bevorder tot onderkoopman in 1672 maar word in 1673 afgedank en word daarna 'n vryburger. Hy was baie aktief as wynpagter, traankoker, slagter en burgervaandrig[8]. Grietje (Margaretha) se sewende kind, Elsje se stiefsuster, Geertruyd van Dieden word in 1673 gebore. Elsje word dus groot in die van Dieden huishouding en help saam met haar suster Catharina om Geertruyd van Dieden groot te maak.

---

[4] Resolutiën, c1: p. 320, Kaapse Argief.
[5] Resolutiën, c1: p. 321, Kaapse Argief.
[6] Doopregisters, Kaapstad, N.G.K. Argief.
[7] Gerrit Komrij, Die Afrikaanse poesie in 'n duisend en enkele gedigte.
[8] http://www.kempen.id.au (kyk onder Claasen Genealogie).

Elsje se drie huwelike

Albert Jansz van Breugel

Elsje trou op op 8 Junie 1681 op 18-jarige ouderdom met Albert Jansz van Breugel. Albert vorder tot die posisie van dispensier en pakhuismeester en was reeds onderkoopman voor sy troue met Elsje. In 1684 word Albert aangestel as fiskaal en vertrek in 1686 na Madagaskar aan boord van die *Jambij* as koopman en fiskaal om slawe vir die Kaap aan te koop. Op 3 November 1686 keer die *Jambij* terug na Tafelbaai met die ontstellende nuus vir Elsje dat haar man gesterf het gedurende die reis na Madagaskar en dat hy daar begrawe is[9]. Volgens Albert en Elsje se testament in 1685 het hulle blykbaar geen kinders gehad nie aangesien Albert al sy bates aan aan sy nefies. nagelaat het[10].

Andries de Man – Die Buitepos : *Elsjes Corael*

Die Kompanjie het sedert 1682 skape onder beskerming van soldate in die Tygerberg-gebied laat wei. Die groot aantal roofdiere in hierdie gebied het Simon van der Stel laat besluit om ’n kraal van hout sowel as ’n poshuis (woning) vir die herders te bou. Drie leeus is in 1684 binne twee weke by hierdie pos doodgeskiet. Teen 1685 was daar reeds 995 skape by die Tygerbergpos. In 1686 het Simon van der Stel aan die Politieke Raad bekend gemaak dat hulle grond benodig vir die VOC se uitbreiding. Vir hierdie doel wou hulle die beste grond wat aan die Tygerberg geleë was bekom en het ses maande tyd gegee aan die vryburgers om grond wat hulle daar bewerk te verlaat. As vergoeding sou aan hulle ander grond toegeken word[11]. Simon Van der Stel gee opdrag in 1688 om ’n skaapkraal van 91 vierkante meter te bou nadat hy 18 maande grasie aan die boere gegee het om die gebied te ontruim. Dit is dus duidelik dat daar alreeds in die tagtigerjare van die 17de eeu ’n klompie boere (meestal vryburgers)[12] op leningsplase in die Tygerberge geboer het[13].

Gedurende hierdie tydperk knoop Elsje van Suurwaarden ’n verhouding aan met Andries De Man gebore in 1650 in Amsterdam. As gevolg van sy kennis en vaardigheid in administrasie en toegewyde diens vorder hy vinnig van skrywer (skribent) tot die eerste klerk in diens van die Politiek Raad in 1677[14]. In 1684 word hy as koopman en sekunde (ondergoewerneur) aangestel. Een van sy pligte was om deels toesig te hou oor die bou van die skaapkraal wat 4000 skape moes huisves.

---

[9] C.J. Beyers, DSAB, Vol.IV, p. 676.
[10] Testamente, CJ 2649, p. 7, 1687, Kaapse Argief.
[11] D.J. Sleigh, Die Buitenposte, pp. 170-171.
[12] P.Kolbe, Cape of Good Hope.
[13] N.M. Du Plessis, Die Tygerberge, p. 36.
[14] W.J. De Kock, DSAB, Vol. II, p. 171.

Simon van der Stel bly twee dae oor in die poshuis om die vordering van die skaapkraal te inspekteer. By hierdie geleentheid word die naam *Elsjes Corael* (later Elsieskraal) toegeken aan hierdie buitepos en kraal. Hierdie kraal was waarskynlik in die gebied tussen die ou Tygerbergtronk, DF Malan Hoërskool en Bellville stasie gebou. Hierdie aanname word gebaseer op die feit dat die naam Elsieskraalrivier later gegee is aan die riviertjie[15] wat by die pos verby geloop het[16].

Een hofsteede gelegen in ***De Tijgerbergen*** beboud en gebruijkt:

- 300 p:s schapen kleijn en groot
- 12 p:s paarden kleijn en groot
- 9 p:s slaaven
- 3 p:s slaavinnen, met 5 kleijne slaave kinderen
- 2 p:s oude en bijna afgeleevde slaaven
- 70 beesten kleijn en groot

Uitreksel uit Andries de Man se boedelinventaris

Simon van der Stel het heel waarskynlik tydens sy besoek aan die poshuis in Oktober 1688 (as gevolg van hulle vriendskap en/of op 'n voorstel van sy sekunde, Andries De Man) die naam *Elsjes Coreal* aan hierdie buitepos gegee. Hierdie buitepos is later aan Pieter van der Westhuizen verkoop en word as die plaas Elsieskraal bekend. Gedurende hierdie tyd het Andries en Elsje waarskynlik die vooruitsig van 'n belowende boerdery in die pragtige Tygerbergvallei met sy vrugbare grond en gunstige klimaat raak gesien en wou graag 'n plaas hier bekom.

Kort hierna, op 8 Mei 1689, tree Elsje in die Grootte Kerk in die Kaap in die huwelik met Andries De Man[17]. Na sy troue met Elsje, word hy ook president van die Weeskamer en bekom in 1693 'n landgoed of "*thuyn"* in Tafelbaai van 4 morge en 366 vierkante roede groot[18]. Hierdie landgoed word later bekend as Welgemeend en word in die agtiende eeu die eiendom van die Hofmeyr nageslag. Andries en Elsje van Suurwaarden se dogter, Maria Elizabeth, word in 1791 gebore en word op 20 Februarie in Kaapstad gedoop [19]. Maria het dus heel moontlik op Welgemeend haar kleuterdae deurgebring.

Na Andries de Man se besoeke aan die buitepos in die Tygerberge doen hy aansoek om grond in die Tygerberge maar word eers na sy dood amptelik in 1698 toegeken aan sy vrou, die weduwee Elsje. Andries was duidelik suksesvol met sy aansoek soos in bostaande raampie van sy boedelinventaris van 1696 gesien kan word[20]. Die sukses van die aansoek kan ongetwyfeld toegeken word aan sy en Elsje se vrienskap met die Goewerneur en sy VOC status. Die grond wat hy gekry het (later *De*

[15] Sien 11.
[16] Die skrywer vermoed dat die kraal gebou was waar die ou Tygerbergtronk was omrede die geskikte plat terein langs die mooi Elsieskraalrivier. Ons het 'n wonderlike geleentheid in 2005 gemis om argealogiese navorsing te doen voor die vernietigende afbreek van die tronk en die nuwe oprigting van 'n onooglike winkelkompleks.
[17] Trouregisters, Grootte Kerk, N.G.K Argiewe, Kaapstad
[18].Sien 14.
[19] Doopregisters, Groote Kerk, N.G.K Argiewe, Kaapstad.
[20] Boedelinventaris, MOOC, 8/1.20**,** 1696, Kaapse Argief.

Tijgerbergen) was byna 2 maal so groot as die plase wat aan vryburgers toegeken was[21].

Andries sterf op 31 Maart 1695 en word met volle militêre eer op 2 April 1695 begrawe [22] moontlik ten aanskou van sy mooi 4- jarige dogter, Maria. Haar pa was 'n besondere administrateur en gesiene persoon in die Kaapse gemeenskap en was dit dus heel gepas om hom op hierdie manier te vereer.

Sy inventaris by die Meester van die Weeskamer toon egter aan dat hy reeds voor sy dood op De *Tijgerbergen* geboer het[23] alhoewel die grond, soos bo vermeld, eers later in Elsje se naam geregistreer is. Let op dat daar in die raampie van Andries de Man se boedelinventaris geen melding van wingerd of wyn gemaak word nie sodat aanvaar moet word dat dit oorspronklik hoofsaaklik 'n veeplaas was en dat wingerd eers later deur Elsje en haar nuwe man, Hendricus Munkerus, aangeplant is.

Hendricus Munkerus (*De Tijgerbergen* word amptelik toegeken)



Diagram 4 van 1698 van *De Tijgerbergen*. Die plaas is effens donkerder ingekleur om dit duideliker aan te toon. Let op die "Elsjesierivier" wat deur die plaas vloei.

Op 16 Desember 1696, 'n dag na die afhandeling van haar vorige man se boedel, trou Elsje met haar derde man, Hendricus Munquerus (Munkerus). Hendricus was afkomstig van Haarlem en arriveer op 16 April 1695 in die Kaap aan boord die *Voorschoten* as adelbors[24]. Elsje trou dus met Hendricus slegs een jaar en 8 maande na sy aankoms in Kaapstad. Hendricus word landdros in Stellenbosch en in 1698 word hy bevorder tot boekhouer, kassier en onderkoopman in diens van die Kompanjie.

Een van die eerste grondbriewe in die Tygerbergomgewing word uitgereik vir die plaas *De Tijgergergen* en word amptelik deur Simon van der Stel op 7 Julie 1698 aan Elsje van Suurwaarden toegeken[25]. Alhoewel hierdie plaas se ligging duidelik op die grondbrief van 1698 aangetoon word, word dit in die

[21] N.M. Du Plessis, Die Tygerberge, p. 37.
[22] Resolusies van Politieke Raad, C22, pp. 48- 50, 1695, Voetnota 2 (TANAP), Kaapse Argief.
[23] Boedelinventaris, MOOC 8/1.20, 1696, Kaapse Argief.
[24] Resolusies van Politieke Raad, C6, pp. 614-616, 1698**,** Voetnota 26 (TANAP), Kaapse Argief.
[25] Kaapse Grondbriewe, 1698**,** Diagram 4, Kaapse Argief.

algemeen nie op ou atlasse[26] aangetoon nie[27]. In die grondbrief word daar na Elsje verwys as die weduwee van die ondergoewerneur, Andries de Man, alhoewel sy egter alreeds in Desember 1696 met Munkerus in die huwelik getree het. Dit moet toegeskryf word aan swak administrasie van die Kompanjie.

.Die plaas *De Tijgerbergen* het 111 morge en 35 vierkante roede beslaan (sien diagram bo) wat na die noord-weste in die rigting van die plaas van Ockert Cornelisz Olivier, eienaar van Hooge Bergs Vallei, en noord-oos in die rigting van Hendrik Cornelisz Olivier, eienaar van Clara Anna's Fontein, gestrek het. Hendrik Cornelisz Olivier sterf egter voordat die grondbrief vir sy plaas uitgereik kon word en word sodoende op 9 Februarie 1702 aan sy weduwee, Beatrix Verwij, toegewys. Suid-wes het Elsje se plaas in die rigting van Pieter Van Der Westhuizen se plaas, Oude Westhof en Suid-Oos "*naar''t woeste land van de Bottelerije*" gestrek. (Die term "*Bottelerije*" het in die Hollandse skeepvaart na die gedeelte in die voorruim van 'n skip waar medisyne en drank geberg is, verwys.)

Die Elsieskraalrivier het sy oorsprong in die omgewing van die plaas *De Tijgerbergen* en word duidelik aangetoon in die bostaande diagram van die grondbrief van 1698. Die dorpsgebied, Elsiesrivier, is vernoem na die rivier wat deur die gebied vloei en ~~dra~~ is dus indirek vernoem na Elsje van Suurwaarden.

Dit is duidelik dat Elsje 'n gesiene vrou in die Kaapse samelewing was. Al drie haar oorlede mans was senior VOC-amptenare. Die plaas *De Tijgerbergen* van 111 Morge en 35 vierkante roede wat sy ontvang het, was amper twee maal so groot as die 60 morge wat vryburgers ontvang het. Dit toon duidelik die korrupte en onregverdige toedeling van plase aan amptenare en hulle families. Dit sou later bydra tot Adam Tas se verset teen Willem Adriaan van der Stel wat goewerneur in 1699 geword het.

Dit is nogal opvallend, dat na Hendricus Munkerus se dood, dat verskeie plase in die Tygerberg gebied deur weduwees bestuur word soos Trijntje Theunissen op Doorde Kraal, Elsje op *De Tijgerbergen* en Trijntje se dogter Beatrix Verweij op Clara Anna's Fontein[28]. Hierdie tendens sal hom in die toekoms herhaal. Die historiese plaas *De Tijgerbergen*, deesdae bekend as Altydgedacht, word byvoorbeeld tans deur Me Jean Parker en haar seuns bestuur.

---

[26] A.P. Smit, Meetsnoere in Lieflike Plekke, p. 4.

[27] Die rede hiervoor kan waarskynlik toegeskryf word aan die verwarring oor dieselfde naam van die plaas en sy ligging in die Tygerberge onder die ou kaart-tekenaars. Die ander moontlikheid is dat die plaas in hierdie gebied die enigste was wat aan VOC amptenare behoort het en die naam en eienaars nie algemeen bekend wou word.

[28] N.M. Walters, Die Walters-diaspora en Familieboek, p. 72.

De Tijgerbergen se eerste dogter- Maria Elizabeth de Man

Hendricus Munkerus leen die matroos, Christoffel Hofman van Hamburg op 1 September 1701 om as *"metselaar"* (messelaar) vir een jaar teen 'n salaris van 14 Gulden per maand op sy plaas te werk[29]. Die kontrak word aan die einde van die eerste jaar verder vir nog een jaar tot die einde van 1 September 1703 verleng. Op 1 Desember 1701 stel Hendricus Munkerus ook 'n soldaat, Hans Janz van Raapstede, aan om as "bouknegt" vir een jaar teen 15 Gulden per maand te werk[30].

Uit Hendricus se boedelinventaris van 1705 is dit duidelik dat daar alreeds met wingerd op groot skaal op *De Tijgerbergen* geboer was[31]. Volgens die opgaafrolle van 1709 was daar alreeds 30 000 wingerd stokke op die plaas[32]. Die skrywer vermoed dat Hendricus 'n groot deel van die huidige wynkelder in 1702 opgerig het met behulp van die "metselaar"Hoffman. Op 6 September 1707 stel Elsje van Suurwaarden die soldaat Willem Kreijne van Houten as boukneg aan teen 13 Gulden per maand[33]. In hierdie kontrak word na haar verwys as die weduwee Munkerus. Hendricus se sterftedatum kon nog nie met sekerheid vasgestel word nie, maar sy boedel inventaris impliseer dat hy in 1705 oorlede is.

Die huidige kelder op Altydgedacht bestaan uit 'n groot deel van die oorspronklike kelder wat deur Hendrik Munkerus laat bou is. Let op die ou klipfondasies.

[29] Contracten, C.J. 2873, 1701, p. 213, Kaapse Argief.
[30] Contracten, C.J. 2873, 1701, p. 234, Kaapse Argief.
[31] Boedelinventaris, MOOC, 8/1.84, 1705**,** Kaapse Argief.
[32] Opgaafrolle, H. Heese, UWK verwerking, 1709, GISA, Stellenbosch.
[33] Contracten, C.J. 2874, 1707, p. 231, Kaapse Argief.

Die wynkelder op Altydgedacht (*De Tijgerbergen*) is slegs een van drie historiese wynkelders wat nog oorspronklike boustrukture bevat. Die ander twee is op die plaas Muratie in die Stellenbosch-distrik en die Compagnes Drift in die Botrivier-distrik[34].

Die oorspronklike wynkelder op Altydgedacht moes dus tussen 1701 en 1703 gebou gewees het, waarskynlik deur die messelaar Hofman en later verder uitgebrei is met behulp van die knegte Raapstede en van Houten. Die ou klipfondasies kan vandag nog gesien word. Uit die onderstaande opgaafrolle[35] is dit duidelik dat Elsje alreeds teen 1709 suksesvol op *De Tijgerbergen* geboer het en dat daar in daardie jaar alreeds 16 leggers wyn in die kelder aangehou is. Die kudde van 1000 skape, 30 000 wingerdstokke en 120 mud koring wat met behulp van 'n arbeidsmag van 16 slawe geoes is, het van welvaart getuig en *De Tijgerbergen* kan met reg as een van die grootste wyn-, koring- en veeplase van die Kaapse distrik in die vroeë 1700's beskou word.

Die opgaafrolle van 1709 toon dat Elsje se dogter, Maria Elizabeth ook gedurende hierdie tyd op *De Tijgerbergen* gebly het. Die pragtige Maria Elizabeth de Man is dus die eerste en enigste kind van die oorspronklike eienaars van *De Tijgerbergen* wat 'n groot deel van haar jeug (sy is in 1691 gebore) op hierdie plaas (deesdae Altydgedacht) deurgebring het.

Datum	Seuns	Dogters	Slawe	Perde	Beeste	Skape	Wingerd	Wyn	Koring Gesaai	Koring gewin
1709	0	1	16	25	200	1000	30000	16	12	120
1712	0	0	12	20	100	800	30000	3	10	100

Opgaafrolle van die Weduwee Munckerus (Elsje van Suurwaarden)

Jan De La Fontaine vang die oog van die pragtige Maria Elizabeth De Man

Jan De La Fontaine is in 1684 in Amsterdam gebore en word in die Oude Kerk in Amsterdam op 23 April 1684 gedoop. Jan, later een van die Kaapse se gewildste goewerneurs, het 'n groot impak op die Kaapse sosio-ekonomiese ontwikkeling en ook die toekoms van *De Tijgerberge* gehad. Jan de La Fontaine dit Wicart (sy volledige naam) was die seun van Jacques de La Fontaine ('n syhandelaar van Franse afkoms) en Barbara van Den

[34] Volgens Mevrou Jean Parker, Eienaar van die Altydgedacht landgoed.
[35] Opgaafrolle, 1709 en 1712, H. Heese, UWK verwerking, GISA, Stellenbosch.

Burgh[36]. Jan se impak word grootliks toegeskryf aan 'n verdraagsame, gebalanseerde en beskaafde denkwyse as gevolg van sy Franse herkoms. Jan begin sy loopbaan in sy vroeë twintiger jare in diens van die VOC en was werksaam in Oos-Indië (Batavia). Hy het blykbaar die Goewerneur Generaal, van Hoorn, beïndruk met sy eerlikheid en intelligensie.

Jan vertrek op die *Horstendaal* terug na Patria (Nederland) en doen in 17 Mei 1710 aan in Tafelbaai[37]. Hy word oorreed deur Van Hoorn (wat nou as Kommissaris aan die Kaap dien) om as onderkoopman agter te bly. Dit was ook nie lank of sy oog het die pragtige Maria Elizabeth De Man van *De Tijgerbergen* gevang. Op 10 Mei 1711 tree Jan en Maria in die eg in die Grootte Kerk in Kaapstad[38]. Elsje moes sekerlik bekommerd oor die toekoms van haar dogter gewees het en kon seker nooit raai dat haar skoonseun later die hoogste posisie in die Kaapse VOC-bestuur sou bereik nie. Jan het vinnig opgang gemaak en word as Pakhuismeester en later ook as Lid van die Weeskamer aangestel. Op 21 Maart 1713 word hy as lid van die Politieke Raad aangestel.

Op 9 Mei 1713 onderteken Elsje haar laaste testament[39]. Sy sonder ses slawe uit maar maak geen spesifieke melding van haar dogter of skoonseun nie. Volgens Andries De Man en Elsje se testament van 1695 besluit hul egter dat hulle kind (of kinders) na beide se dood al hulle besittings en eiendom sou ontvang al trou die langslewende weer. Elsje sterf in 1713 op 51 jarige ouderdom kort nadat sy haar laaste testament onderteken het, moontlik selfs op *De Tijgerbergen*. So kom die loopbaan van 'n merkwaardige vrou ten einde wat 'n pragtige plaas, waarop vandag nog wyn gemaak word, nalaat en waarop heelwat stamfamilies, soos byvoorbeeld die Walterse[40], Domans[41], Krugels[42], Scabborts[43], Lieschings[44] en Parkers sou grootword [45] en wie se nasate almal 'n impak op die Suid-Afrikaanse samelewing sou maak.

Elsje en Andries de Man se dogter, Maria, erf *De Tijgerbergen* (volgens haar vader en moeder se testament van 1695)[46] en Jan De La Fontaine word die wettige eienaar nadat hy met haar in die huwerlik tree. Jan se aanstelling as lid van die Politieke Raad net voor sy skoonma se dood[47].getuig daarvan dat hy 'n uitmuntende administrateur was en 'n politieke loopbaan wou volg. Met al sy VOC verpligtinge het Jan waarskynlik nie belanggestel (of kans gesien) om die boerdery op *De Tijgerbergen* voort te sit nie en besluit hy om *De Tijgerbergen* in die mark te sit. Op 17 September 1714 verkoop Jan die plaas

---

[36] H.W.J. Pickard, *Masters of the Castle*, p128-133.
[37] W.J. De Kock, DSAB, Vol. I, p. 213.
[38] Trouregisters, Grootte Kerk, N.G.K Argiewe, Kaapstad.
[39] Testamente, CJ 2560, **1713**, p. 85, Kaapse Argief.
[40] N.M Walters, Die Walters-diaspora en Familieboek.
[41] Boedelinventaris, MOOC 8/6.79, **1745**, Kaapse Argief.
[42] Aktes, Oordrag T2210, **1734**, Kaapse Akte-Kantoor.
[43] P. en P. Schabort, Schabort familie, p. 105.
[44] K. McMagh, a Dinner of Herbs, pp. 41-44.
[45] Jean Parker, eienaar van Altydgedacht.
[46] Testamente, MOOC, 7/1/1, **1695**, p 7, Kaapse Argief.
[47] A.J. Boëseken, Die Nuusbode, p. 11.

vir 18 500 Guldens aan die landbouer Samuel Walter(s) van Presspoort[48] (Pressburg) vandag Bratislawa in Slowakye, die stamvader van die skrywer en al die Afrikaanse-Walterse in Suid-Afrika[49]. Hierdie transaksie word as die eerste transport aangeteken, naamlik transport nommer 1004 van *De Tijgerbergen, sedert* die grondbrief in 1698 vir die eerste keer uitgereik is.

Elsje se kleinkinders

Jan en Maria se eerste kind, Jacob Andries, word op 6 Maart 1712. gedoop. Ouma Elsje van Suurwaarden was getuie by die doop en het dus die voorreg gehad om een kleinkind te kan sien voor haar dood in 1713. Klein Jacob sterf egter jonk. Barbara Elizabeth word in 1714 gebore en haar broer, Jan Gideon, in 1728. Jan Gideon word op 25 April 1728 gedoop[50].

Jan De La Fontaine word Koopman in 1717 en word op 8 September 1724 aangestel as waarnemende Goewerneur vir die tydperk na die dood van goewerneur Maurits Pasqualle de Chavonnes tot en met die aanstelling in 1727 van die nuwe goewerneur, Pieter Gysbert de Noodt. Groot vreugde het in die Kaapse nedersetting geheers toe dit bekend geword het dat die beminde Jan De La Fontaine vir De Noodt sou opvolg[51]. Hierdie vreugde was egter nie lank vir Jan beskore nie. Slegs 'n paar maande na sy aanstelling sterf sy geliefde vrou Maria Elizabeth en laat Jan na met die 14-jarige Barbara en 2-jarige Jan Gideon. Jan de La Fontaine het blykbaar na hierdie tragedie nog steeds sy warm glimlag en hartlikheid teenoor sy mense behou en het nog harder begin werk om sy smart te vergeet.

Barbara was bekend in die "Vlek" vir haar musikale talente en het musiek aan die Kaap bevorder. Sy het byvoorbeeld 'n orrel van tien of twaalf registers vir haar eie gebruik laat bou. Hierdie orrel word voor haar vertrek na Nederland aan die Kaapse Kerkraad op 15 November 1737 verkoop. Barbara was dus die eerste persoon wat 'n orrel in die Grootte Kerk bespeel het [52]. Die eerste orrelis, Paul Kraker, word in 1737 aangestel en Barbara se orrel, wat maar 'n "kort asem" gehad het, word tot 1753 gebruik waarna dit met 'n beter instrument vervang is. Alhoewel Barbara nie op *De Tijgerbergen* groot geword het nie kan sy ook as een van *De Tijgerbergen* se kinders beskou word aangesien haar pa vir 'n kort rukkie die eienaar van *De Tijgerbergen* was alhoewel hy dit kort voor haar geboorte verkoop het. Vroeg in 1740 trou sy in Nederland met 'n edelman W.R. Van Heeckern van Barlham en Bransenburg[53]. Hierna is daar geen meer inligting oor haar of haar broer Jan Gideon bekend nie.

Jan De La Fontaine versoek die Here XVII om ontslag om na sy vaderland terug te keer wat dan ook in 1737 toegestaan word. Op 31 Augustus 1737 neem sy opvolger, Adriaan Kervel die leisels aan die Kaap oor. In Februarie

---

[48] N.M Walters, Die Walters-diaspora en Familieboek, p. 47.
[49] Aktes, Oordrag T1004, **1714**, Kaapse Akte-Kantoor.
[50] Doopregisters, Grootte Kerk, N.G.K Argief, Kaapstad.
[51] H.W.J. Pickard, Masters of the Castle, p130.
[52] G Van Der Merwe, Die Kerk Bode, Elektroniese weergawe, Uit Toeka se Dagboek.
[53] Sien 49.

1738 vertrek die tweede eienaar van *De Tijgerbergen* saam met sy kinders op die *Gaasterdam* na Nederland. Jan koop die landgoed "Westerhout" naby Wijk-aan-Zee waar hy in vrede sy laaste dae deurbring. Op 6 Mei 1743 kom die besondere loopbaan van hierdie voorbeeldige man ten einde.

Hendrik van Suurwaarden se geslagsregister

a Hendrik Hendrikssen van Suurwaarden gebore 1635, Surwurden, Oldenburg, getroud 14. 5.1658, in Kaapstad, Grietje (Margaretha) Frans Meeckhoff, gebore 1639, Steenwijk, Nederland. Hendrik sterf *circa* 1671, Kaapse Distrik.

b1 (**1ste Seun) Van Suurwaarden** = 18. 2.1659, Kaapstad.

b2 Cathrijn (Catharina) Van Suurwaarden = 12. 4.1660, Kaapstad, getroud (1) 27. 9.1676, in Kaapstad, Marthinus van Banchem, gebore Den Haag, Nedeland, getroud (2) 19. 8.1696, Jacobus Nieuberg.

(c1) Johannes Hendrik van Banchem (seun van Marthinus van Banchem and Cathrijn (Catharina) Van Suurwaarden).

(c2) Ana van Banchem (dogter van Marthinus van Banchem and Cathrijn (Catharina) Van Suurwaarden) gebore 07. 7.1680, getroud (1) 03.10.1700, Guilliam Heems, gebore Brugge, getroud (2) Hendrik Moller.

(d1) Guilliam Heems (seun van Guilliam Heems and Ana van Banchem).

(d2) Martinus Heems (seun van Guilliam Heems and Ana van Banchem).

b3 (2de Seun) van Suurwaarden gebore 08. 5.1662, Kaapstad.

b4 Elsje van Suurwaarden gebore 08. 5.1662, Kaapstad, = 08. 9.1662, Kaapstad, getroud (1) 08. 6.1681, in Kaapstad, Albert van Breugel, sterf 1678, getroud (2) 08. 5.1989, in Kaapstad, Andries De Man, gebore *circa* 1650, Amsterdam, Nederland, sterf 31. 3.1695, Kaapstad, begrawe 02. 4.1695, Kaapstad, getroud (3) Hendericus Munkerus, gebore Haarlem, Nederland, sterf 1705. Elsje sterf 1713.

(c1) Maria Elizabeth De Man (dogter van Andries De Man en Elsje van Suurwaarden) gebore 1691, Kaapse Distrik, = 20. 2.1691, Kaapstad, getroud 10. 5.1711, in Kaapstad, Jan De La Fontaine, gebore 1684, Amsterdam, Nederland, = 23. 4.1684, Amsterdam, Nederland, (seun van Jacques De La Fontaine and Barbara Van Der Burgh) sterf 06. 5.1743, Wijk aan Zee, Nederland. Maria sterf 1730, Kaapse Distrik.

(d1) Jacob Andries De La Fontaine gebore 1712, = 06. 3.1712, Kaapstad.

(d2) Barbara Elizabeth De La Fontaine gebore *circa* 1714, Kaapstad.

(d3). Jan Gideon De La Fontaine gebore 1728, = 25. 4.1728, Kaapstad.

b5 Myndert van Suurwaarden = 11. 6.1666, Kaapstad.

b6 Weintje Helmersen van Suurwaarden = 29. 6.1670.

Opsomming

De Tijgerbergen se geskiedenis en dié van die families wat daar gewoon het is onlosmaaklik verbonde aan veral twee persone wat besluit het om hulle seevaart in Tafelbaai te onderbreek en hulle lewens hier voort te sit- besluite wat hulle toekoms vir die res van hulle lewens ingrypend sou verander. Die eerste was die mooie Margaretha(Grietje) Meeckhoff, wat met Hendrik van Suurwaarden sou trou en tweedens Jan De La Fontaine wat op aandrang van die administrasie aan die Kaap asook ter wille van die hand van die mooie Maria Elizabeth sou aanbly. Die besluit van hierdie twee persone om hulle lewens hier aan die Kaap voort te sit het die geskiedenis van die Walters-, Doman-, Krugel-, Schabort-, Liesching- en Parker-families dramaties bepaal. Die invloed van hierdie twee persone, en hulle verbintenis met die plaas *De Tijgerbergen*, op die geskiedenis van hierdie families is moeilik om te oorskat.

Bronne

Argivale Bronne

Rijksargief, Den Haag
Nasionale Argiewe, Kaapstad.
Genealogiese Instituut van Suid Afrika, Stellenbosch.
Akte Kantoor, Kaapstad.
Nasionale Biblioteek, Kaapstad.

Litteratuur

Boëseken A.J., *Die Nuusbode*, p 116, Nasou Beperk.

Bruijn, J.R. et al, *Dutch Asiatic Shipping*, The Hague, 1997.

Beyers, C.J., *Dictionary of South African Bibliography*, Editor-in-chief, Vol. IV, Butterworths.

De Kock, W.J., *Dictionary of South African Bibliography*, Editor-in-chief, Vol. I, Nasionale Boekhandel BPK.

De Kock, W.J*., Dictionary of South African Bibliography*, Editor-in-chief, Vol. II, Tafelberg Uitgewers.

Du Plessis M., *Die Tygerberge*, Tafelbaai-Uitgewers, 1988.

H. Giliomee H., *The Afrikaners*, p. 29, Tafelberg, 2003

Giliomee H. en Elspinck R., *Samelewing in Worden: Suid Afrika*, Longman, 1982.

Hoge J., *Personalia of the Germans at the Cape* (Archive year book for South African History), 1946

Kolbe P., Cape of Good Hope Today, vertaal deur C. Medley, Neurenberg, 1731.

Komrij G., *Die Afrikaanse poesie in'n duisend en enkekele gedigte*, saamgestel deur Gerrit Komrij, Human en Rousseau, Kaapstad, 2000.

McMagh K*., a Dinner of Herbs*, Purnell, 1968.

Pickard H.W.J., *Masters of the Castle*, Struik, 1972.

Schabort, P. *et al*., *Schabort familie*, 2002.

Sleigh D.J., *Die Buitenposte*, Protea Boekhuis, Pretoria, 2004.

Smit A.P., *Meetsnoere in Lieflike Plekke*, N. G. Gemeente, Durbanville 1826-1976, 1976

Strydom J.S, *Bellville, Wordingsjare van `n Stad*, Nasionale Boekdrukkery, 1981.

Walters N.M., *Die Walters-diaspora en Familieboek*, US Drukkery, 2006**.**

Bedankings

Die outeur bedank Jean Parker, eienaar van Altydgedacht vir haar bydraes en ondersteuning vir hierdie navorsing asook Dr Christoffel Hendrik De Wit, geskiedkundige, vir sy waardevolle kritiek en redigering.